

## Die evangelie vanuit Patmos



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 1:1–8; Johannes 14:1–3; Deuteronómium 29:29; Johannes 14:29; Romeine 1:7; Filippense 3:20; Daniël 7:13, 14.

#### Geheeteks:

“Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby” (*Openbaring 1:3*).

**D**ie profesieë van Openbaring was meer as negentien eeue gelede deur middel van visoene aan Johannes tydens sy ballingskap op ‘n klein rotsagtige eiland in die Egeïese See, die eiland Patmos, geopenbaar (*Openbaring 1:9*). Openbaring 1:3 dui aan dat die boek hardop in die kerk gelees moet word. Dié vers belowe dat die persoon wat dit hardop lees, asook die luisteraars, ‘n seën sal ontvang. Die wat luister is die gemeente wat in die kerk saamkom om die boodskappe te hoor. Maar, hulle word nie net geseën omdat hulle net lees of luister nie, maar omdat hulle die woorde van die boek ook gehoorsaam (*sien Openbaring 22:7*).

Die profesieë van Openbaring gee uiting aan God se besorgdheid oor Sy volk. Dit wys op die kortstondigheid en broosheid van die lewe, op verlossing in Jesus, en op ons roeping om die evangelie te verkondig.

Bybelse profesieë is soos ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn (*II Petrus 1:19*). Die doel daarvan is om leiding vir vandag en hoop vir ons toekoms te gee. Ons gaan hierdie profetiese gids nodig hê tot Christus se koms en die oprigting van sy ewigdurende koninkryk.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 5 Januarie.*

## Die titel van die boek

**Lees Openbaring 1:1, 2. Wat word alles by die betekenis van die titel van die boek ingesluit? Wat leer die titel ons oor wie die boek eintlik gaan?**

---

---

Openbaring 1:1 bevestig die titel van die boek as die “Openbaring van Jesus Christus”. Die woord openbaring is afkomstig van die Griekse woord apokalupsis (in Afrikaans apokalips of apokalipsis), wat oopmaak of ontsluiting beteken. Die Apokalips is ‘n ontsluiting van Jesus Christus; dit is beide van Jesus en oor Hom. Terwyl dit van God gekom het deur Jesus Christus (*sien Openbaring 22:16*), getuig die boek dat Jesus ook die fokus van die inhoud van die boek is. Die Apokalips is sy openbaring oor Homself aan sy volk, en ‘n uitdrukking van sy omgee vir hulle.

Jesus is die middelpunt van Openbaring. Die boek begin met Hom (*Openbaring 1:5–8*) en eindig met Hom (*Openbaring 22:12–16*). “Laat Daniël praat, laat die Openbaring praat en vertel wat die waarheid is. Maar, watter fase van die onderwerp ook al aangebied word, moet Jesus as die middelpunt van alle hoop, ‘die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester’, verhef word.” – Ellen G. White, *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*, bl. 118 (vrye vertaling).

Die Jesus van die Apokalips is ook die Jesus van die vier Evangelies. Openbaring brei verder uit oor Jesus en sy werk van verlossing namens sy volk, soos aanvanklik in die Evangelies beskryf was. Dit fokus nou op verskillende aspekte van sy bestaan en bediening. Dit begin hoofsaaklik waar die Evangelies eindig: met Jesus se opstanding en hemelvaart. Tesame met die Brief aan die Hebreërs beklemtoon Openbaring Jesus se hemelse bediening. Dit toon aan ons dat, na sy hemelvaart, Jesus as ‘n koninklike en in sy priesterlike bediening in die hemelse heiligdom ingehuldig was. Sonder Openbaring (en Hebreërs), sal ons kennis oor Christus se bediening in die hemel namens sy volk, beperk en ‘n geheimenis vir ons wees. En tog, selfs met Hebreërs, voorsien die boek van Openbaring ons met ‘n unieke insig in die bediening van Jesus Christus namens ons.

**Lees Johannes 14:1–3. Hoe help hierdie groot belofte ons om wat Jesus vir ons in die hemel op hierdie oomblik doen, beter te verstaan? Hoe kan ons leer om uit hierdie wonderlike belofte hoop op te bou?**

---

---

## Die doel van die boek

Openbaring 1:1 vertel ook dat die boek se doel is om te toon wat in die toekoms gaan gebeur, en dat dit begin het toe die boek geskryf was. Enigeen wat met Openbaring bekend is, sal oplet dat die toekomstige gebeure – òf dit is wat reeds gebeur het (ten minste volgens ons perspektief vandag), òf dit is wat nog moet plaasvind (weer, soos wat ons dit sien) – die meeste van die boek se inhoud opneem. Terwyl die eerste helfte van Openbaring (Hoofstukke 1-11) op die gebeure fokus wat in die eerste eeu n.C. plaasgevind het tot en met die tyd van die einde, fokus die tweede helfte (Hoofstukke 12–22) op die gebeure tot en met die Tweede Koms. Die hoofdoel van Bybelse profesieë is om ons te verseker dat, ongeag van wat in die toekoms gaan gebeur, God in beheer is. Dit is wat Openbaring juis doen: dit verseker ons dat Jesus Christus met sy volk regdeur hierdie wêreld se geskiedenis was en nog steeds is, en ook dwarsdeur al die onrusbarende eindgebeure sal wees. Gevolglik het Openbaring se profesieë twee praktiese oogmerke: om ons te leer hoe om vandag te leef, en om ons vir die toekoms voor te berei.

**Lees Deuteronomium 29:29. Hoe help hierdie teksvers ons om te verstaan waarom sekere dinge nie aan ons geopenbaar is nie? Volgens hierdie teks, wat is die doel van die dinge wat wel aan ons geopenbaar is? Met ander woorde, hoekom word dit aan ons vertel? Sien ook Openbaring 22:7.**

---

---

---

Openbaring se eindtydprofesieë is nie aan ons geopenbaar om ons kwellende nuuskierigheid oor die toekoms te bevredig nie. Die boek ontsluit net daardie aspekte van die toekoms wat nou vir ons belangrik is. Hulle word aan ons geopenbaar om die ernstigheid van wat gaan gebeur, na ons te laat deurdring, sodat ons ons afhanklikheid van God sal besef en deur daardie afhanklikheid, Hom sal gehoorsaam. Vir baie eeue het baie spekulاسie en selfs baie sensasie met eindtydgebeure saamgegaan. Rykdom was bekom deur hulle wat die onmiddellike einde voorspel het, en was gebruik om hulle volgelingen te melk deur hulle bang te praat omdat die einde natuurlik naby was. Elke keer egter, het die einde nie gekom nie, en mense was ontnugter en ontmoedig gelaat. Soos met alle goeie dinge wat God aan ons gegee het, kan profesie ook uitgebuit en misbruik word.

**Lees Johannes 14:29. Van watter uiters belangrike beginsel aangaande profesie lees ons hier?**

---

# Die simboliese taal van Openbaring

**Lees Openbaring 13:1, Daniël 7:1–3, en Eségiël 1:1–14. Wat is die een ding wat al hierdie visioene in gemeen het?**

---

Openbaring 1:1 sê verder: “en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het” (party Afrikaanse Bybelvertalings gebruik die woorde “te laat sien”, en van die Engelse vertalings gebruik die woord “signified”). Hier vind ons ‘n baie belangrike begrip in die boek. Die woorde, te kenne (te laat sien), is ‘n vertaling van die Griekse woord *semainō*, wat beteken, “om deur simboliese tekens te toon”. Dieselfde woord word in die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint) gebruik waar Daniël aan Koning Nebukadnésar verduidelik dat God deur die beeld wat hy in sy droom gesien het en wat van goud, silwer, koper en yster gemaak was, aan die koning “‘bekend gemaak [het] wat hierna sal gebeur’” (*Daniël 2:45*). Deur dieselfde Griekse woord te gebruik, vertel Johannes ons dat die tonele en gebeure van Openbaring aan hom deur visioene in die vorm van simbole getoon was. Deur die Heilige Gees gelei, het Johannes getrou verslag van hierdie simboliese beelde, soos wat hy dit in die visioene gesien het, gedoen (*Openbaring 1:2*).

Dus moet die taal waarin die profesieë in Openbaring beskryf word nie letterlik geïnterpreteer word nie. Terwyl dit oor die algemeen aangeneem word dat die Bybel letterlik verstaan moet word wanneer ‘n teks gelees word (behalwe wanneer ‘n teks spesifieke simboliek gebruik), is die reël wanneer ons Openbaring lees, dat dit simbolies geïnterpreteer moet word – behalwe wanneer die teks na ‘n letterlike betekenis verwys. Terwyl die tonele en gebeure wat voorspel was op sigself werklik is, was hulle gewoonlik in simboliese taal uitgedruk. Deur die hoofsaaklik simboliese karakter van Openbaring in gedagte te hou, sal dit ons daarvan vrywaar om die profetiese boodskap te verdraai. Wanneer ons die betekenis van die simbole in die boek probeer vasstel, moet ons versigtig wees om nie ons menslike verbeelding of die hedendaagse betekenis van die simbole op die teks af te dwing nie. In plaas daarvan moet ons na die Bybel gaan en die simbole wat daarin gevind word, gebruik om die simbole in die boek van Openbaring te verstaan.

Die feit is: wanneer ons probeer om die betekenis van die simbole in Openbaring te ontsluit, moet ons onthou dat die meeste daarvan in die Ou Testament gevind kan word. Deur die toekoms in die taal van die verlede uit te beeld, wou God ons beïndruk dat sy handeling van verlossing in die toekoms weer soos sy handeling in die verlede sal wees. Wat Hy vir sy volk in die verlede gedoen het, sal Hy weer vir hulle in die toekoms doen. Terwyl ons poog om die simbole en beelde van Openbaring te ontsyfer, moet ons begin deur aandag aan die Ou Testament te gee.

## Die Godheid

Openbaring begin met ‘n groetwoord wat met die wat Paulus in sy sendbriewe gebruik, ooreenstem. Die boek was oorspronklik in die vorm van ‘n brief aan die sewe kerke in Klein-Asië gedurende Johannes se tyd, gestuur (*sien Openbaring 1:11*). Openbaring was egter nie net vir hulle bedoel nie, maar vir al die geslagte van Christene regdeur die geskiedenis.

**Lees Openbaring 1:4, 5, en Romeine 1:7. Watter gemeenskaplike groetwoorde word in hierdie verse gevind, en wie het dit geskryf?**

---

In beide verse word ‘n sendbriefbegroeting gebruik: “Genade vir julle en vrede ...”. Hierdie frase bestaan uit die Griekse groetwoord, *charis* (genade), en die Hebreeuse groetwoord, *shalom* (vrede, welstand). Uit hierdie teksverse sien ons dat die Gewer van genade en vrede die drie persone van die Godheid is. Net soos die res van hierdie boek, word die drie persone van die Godheid simbolies geïdentifiseer. God die Vader word geïdentifiseer as die Een “wat is en wat was en wat kom” (*sien Openbaring 1:8, Openbaring 4:8*). Dit verwys na die Goddelike naam Yahweh, “EK IS WAT EK IS” (*Eksodus 3:14*), wat na God se ewige bestaan verwys. Die Heilige Gees word na verwys as “die sewe Geeste” (*vergelyk Openbaring 4:5 en Openbaring 5:6*). Sewe is ‘n nommer wat volmaaktheid of volkomeheid aandui. “Die sewe Geeste” stem ooreen met die sewe kerke waardeur die Gees werk. Hierdie beeld verwys na die alomvattendheid van die Heilige Gees se werk deur die geskiedenis onder die volk van God, om hulle in staat te stel om hulle roeping te volbring. Jesus Christus word deur drie name geïdentifiseer: “die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde” (*Openbaring 1:5*). Hierdie name verwys na sy dood op die kruis, sy opstanding, en sy heerskappy in die hemel. Johannes bevestig dan wat Jesus gedoen het: Hy “wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed — en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader” (*Openbaring 1:5, 6*). In die oorspronklike Grieks verwys “Hy wat ons liefgehad het” na Christus se voortdurende liefde wat die verlede, die teenswoordige en die toekoms insluit. Die Een wat ons liefhet, het ons deur sy bloed van ons sondes verlos. In die Grieks verwys dit na ‘n voltooide handeling wat in die verlede plaasgevind het: toe Jesus op die kruis gesterf het, het Hy ons, sy volgelinge, van ons sondes vir ewig verlos.

**Efésiërs 2:6 beskryf die verlostes as “saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus”, en Filippense 3:20 sê “want ons burgerskap is in die hemele”. Wat sou dit beteken, en hoe kan ons hierdie glorieryke status in Christus as “konings en priesters” geniet terwyl ons nog op hierdie sonde-vervloekte aarde leef? Hoe behoort hierdie feit ons daaglikse lewe te beïnvloed?**

---

## Die hoofmotief van Openbaring

Die slotsom van die voorwoord van Openbaring dui op die ware fokus van die hele boek: die wederkoms van Jesus in krag en heerlijkheid. Christus se belofte om terug te kom, word drie keer in die laaste hoofstuk van die boek herhaal (*Openbaring* 22:7, 12, 20).

**Lees Openbaring 1:7, 8. Die bewoording van hierdie teksvers is van verskeie profetiese teksverse afgelei: Daniël 7:13, 14; Sagaría 12:10; Matthéüs 24:30. Wat sê hierdie verse aan ons oor die sekerheid van die Tweede Koms?**

---

---

---

In Openbaring is die Tweede Koms van Christus die eindpunt van die geskiedenis. Dit dui die einde van hierdie wêreld se geskiedenis en die begin van God se ewige koninkryk aan, asook die einde van alle boosheid, angs, pyn en die dood.

Net soos die res van die Nuwe Testament, verwys Openbaring 1:7 na die letterlike, persoonlike, majestuese en glorieryke koms van Christus. Elke mens, insluitend “hulle wat Hom deursteek het”, sal Hom sien kom. Hierdie woorde dui op ‘n spesiale opstanding van sekere mense net voor die wederkoms van Christus, en dit sluit hulle in wat Hom gekruisig het. Terwyl Jesus tydens sy koms verlossing bring aan hulle wat op Hom gewag het, sal Hy hulle wat sy genade en liefde verag het, kom oordeel. Die sekerheid van Christus se koms word met die woorde, “ja, amen” (*Openbaring* 1:7), bekragtig. Die woord ja, is die Griekse woord nai, en amen is ‘n Hebreeuse bevestigingswoord. Hierdie twee woorde saam bevestig sekerheid, en hierdie bevestiging sluit ook die boek af (*sien ook Openbaring* 22:20).

“Geloof in die nabyheid van die koms van die Seun van die mens op die wolke van die hemel sal voorkom dat die ware Christen nie nalatig en agtelosig in die alledaagse sake van die lewe word nie . . . Hulle geloofwaardigheid, getrouheid en integriteit word getoets en beproef in verbygaande dinge.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 4, bl. 309, (vrye vertaling).

**Die vervulling van ‘n belofte wat gemaak is, is net so seker as die integriteit van die persoon wat dit gemaak het, en sy of haar vermoë om dit te vervul. Hoe verskaf die feit dat die belofte van die Tweede Koms wat deur God gemaak was, en wat in die verlede al sy beloftes nagekom het, jou met sekerheid dat Christus sal terugkom soos wat Hy belowe het?**

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “The Study of the Books of Daniel and the Revelation,” bl. 112–119, in *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*. “Hierdie openbaring word gegee tot leiding en vertroosting van die kerk deur die hele Christelike tydperk . . . ‘n Openbaring is iets wat openbaar gemaak word. Die Here self het die geheimenisse wat in hierdie boek bevat word aan sy dienskneg geopenbaar, en dit is sy bedoeling dat dit vir iedereen vir studie geopen moet wees. Sy waarhede word aan sowel diegene gerig wat in die laaste dae van die geskiedenis van die aarde leef, as aan hulle wat in Johannes se dae geleef het. Sommige van die tonele wat in die profesie beskryf word, is reeds in die verlede, ander vind nou plaas; sommige toon die einde van die groot stryd tussen die magte van die duisternis en die Vors van die hemel, en sommige openbaar die sege en vreugde van die verlostes op die nuwe aarde.

“Niemand moet dink dat omdat hy nie in staat is om elke simbool in die Boek Openbaring uit te lê nie, dit nutteloos is vir hom om die boek te ondersoek in ‘n poging om die betekenis van sy waarhede te wete te kom nie. Hy wat hierdie geheimenisse aan Johannes geopenbaar het, sal aan die naartogige soeker na waarheid ‘n voorsmaak gee van die hemelse dinge. Diegene wie se harte oop is om die hemelse waarheid te ontvang, sal in staat wees om die leer daarvan te verstaan, en aan hom sal die seëninge gegee word wat aan diegene gegee word wat “die woorde van die profesie ... hoor en bewaar wat daarin geskrywe is ...” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 583–585.

## Vrae vir bespreking:

1. Indien Openbaring die ontsluiting van Jesus Christus is, hoekom het die woord apokalips huidiglik ‘n negatiewe betekenis? Wat vertel dit ons oor die populêre siening van Openbaring onder Christene? Hoekom word die woord vrees dikwels met Openbaring se profesieë vereenselwig?
2. Dink na oor sommige van die voorspellings wat mense gedurende die laaste 20 jaar oor eindtydgebure en die Tweede Koms van Jesus gemaak het wat nie uitgekom het nie. Afgesien van die bedoelinge of motiewe van diegene wat sulke voorspellings gemaak het (wat ons nie kan oordeel nie), watter negatiewe gevolge is daar as gevolg van sulke mislukte voorspellings? Hoe laat dit diegene voel wat in daardie voorspellings geglo het? Hoe laat dit Christene oor die algemeen lyk vir hulle wat sien dat die voorspellings nie waar word nie? Hoe kan ons wat in die profesieë glo en wat uitkyk vir die eindtydgebure se wegwysers, die regte balans handhaaf in hoe ons profesie verstaan en hoe ons dit aan ander verduidelik?